# *Skedules van die*

# *Beestelersgenootskap*

**Soos gewysig Augustus 2021**
**Soos gewysig Junie 2022**
**Soos gewysig Augustus 2025**
**Soos gewysig November 2025**

## INHOUDSOPGAWE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| SKEDULE A | Gelde, Koste en Tariewe | 3 |
| SKEDULE B | Kalfgeboortekennisgewings | 6 |
| SKEDULE C | Standaard van Voortreflikheid | 7 |
| SKEDULE D | Veilings | 18 |
| SKEDULE E | Prosedure: Aanstelling van Hoofras, Senior en Junior Keurders & Beoordelaars | 20 |
| SKEDULE F | Lidmaatskap | 22 |
| SKEDULE G | Keurings | 22 |
| SKEDULE H | Sertifisering | 23 |
| SKEDULE I | Sertifikate | 24 |
| SKEDULE J | Kunsmatige inseminasie | 24 |
| SKEDULE K | Komitees | 25 |
| SKEDULE L | Klubs | 25 |
| SKEDULE M | Skoue | 25 |
| SKEDULE N | Oordragte | 26 |
| SKEDULE O | Inovulering | 27 |
| SKEDULE P | Toelaes | 29 |
| SKEDULE Q | Hulpstamboek en Fondasieafdeling | 29 |

BYLAE A, BYLAE B, BYLAE C, BYLAE D

## SKEDULE A

## GELDE, KOSTE EN TARIEWE

***NB – NEEM KENNIS DAT ALLE TARIEWE BTW UITGESLUIT IS**

### 1. TARIEWE VIR LEDE EN GEREGISTREERDE TELERS

**1.1 Ledegelde**

| | |
|---|---|
| a) Intreegelde | **R855.00** |
| b) Jaarlikse Ledegelde (Pro-rata tot 30 Junie vir nuwe toetreders) | **R1710.00** |
| c) Spesiale en Junior lede | **R855.00** |

**1.2 Jaarlikse Per Kapita Fooi**

| | |
|---|---|
| a) Manlike (kalfboek of geregistreerde) diere ouer as 1 jaar | **R87.50** |
| b) Vroulike (kalfboek of geregistreerde) diere ouer as 1 jaar (Glyskaal van toepassing op alle diere gehef) | **R87.50** |
| c) Vroulike Eerste Aanvaardings gekeur ná 30 Junie 2016 | ***Gratis*** |
| d) Heffing per geregistreerde dier – Pro-rata tot 30 Junie | |
| e) Nuwe lede se eerste keuring van nuwe vroulike diere is gratis | |

**1.3 Aantekening van Diere**

a) Boetes – Laat geboortekennisgewings:

**U het 120 dae om die geboortekennisgewing in te handig**. Dit wil sê vanaf geboorte tot en met inhandiging het u 120 dae tyd. Geboortekennisgewingsinhandiging ná 120 dae vanaf geboorte word beskou as 'n laat geboortekennisgewing.

| | |
|---|---|
| i) 121 tot 365 dae laat | **R46.00** |
| ii) Maksimum boete (óf soos deur die Raad bepaal mag word) | **R55.00** |

iii) Indien laat geboortekennisgewing 365 dae oorskry sal die toepaslike Per-Kapitafooi van die betrokke dier per jaar betaalbaar wees.

**1.4 Inspeksiefooie**

a) Aansoek om inspeksie vir jaarlikse inspeksie moet vergesel word met 'n deposito van **R51.50** per dier, gelykstaande aan die vorige jaar se totale keuringskoste, gedeel deur die aantal diere gekeur vir die jaar, plus die administratiewe fooi van **R18.00** per dier gekeur.

b) Nadat die jaarlikse inspeksie plaasgevind het, word alle koste van die opknapping en die jaarlikse keurings, minus die surplus op die spesiale keurings, gedeel deur die aantal diere gekeur en pro rata per teler bereken minus die deposito betaal plus die administratiewe fooi van **R18.00** per dier gekeur.

c) Deposito per dier nadat 'n teler appèl aangeteken het is **R1957.00**.Indien die appèl suksesvol is, word die surplus bedrag terugbetaal en is die teler net verantwoordelik vir die keuringskoste en die administratiewe fooi, plus die reis- en verblyfkoste van die keurders.

d) Spesiale Keuring (Sluit Naspeense Groeitoetse en nuwe toetreders in)

    i) Manlike en Vroulike diere bedrag soos in 1.4(b)
    ii) Nuwe toetreders se eerste keuring van nuwe vroulike diere is gratis; ander soos in 1.4(b)
    iii) Reiskostes per kilometer (Word jaarliks deur die Raad bepaal) **R4.76 (SARS)**

**Administratiewe Dienste deur kantoor gelewer**

a) Rekenaardienste **(per uur)**
   i) Optrek van Veilingskatalogusse (direkte koste en is deur lid of klub betaalbaar)
   ii) Optrek van advertensies**
   iii) Enige ander soos op versoek, indien moontlik**
   **Kontak die Kantoor vir besonderhede en kostes

b) Uitstuur van inligting volgens adreslys of e-posadreslys
   i) Admin koste (as lid inligting voorsien wat uitgestuur moet word, bv. advertensies, inligtingstukke, pamflette of nuusbriewe) **R855.00**
   ii) Fotostate – indien slegs 1 meesterdokument voorsien word (per afskrif) ***Direkte koste***
   iii) Posgeld, diverse koste en koeverte sal deur lid betaal word
   iv) Uitstuur van SMS'e soos deur lid versoek ***Direkte koste***

**1.5 SA Stamboek vereniging**

a) Diere-aantekening
   i) Ledegeld***
   ii) Per Kapita Heffings – Jaarliks***

b) Produksieaantekening
   i) Ledegeld***
   ii) Per Kapita Heffings – Jaarliks**
   Alle diere op lid se naam, geregistreer en aangeteken, word gehef.

***Koste word jaarliks deur die SA Stamboek Vereniging bepaal en direk gehef.

**1.6 Gradering van kudde**

Gradering/klassifisering per dier volgens Standaard van Voortreflikheid – Skedule C **R18.00**
(Plus die reiskoste van die inspekteurs.)

**1.7 Herinstelling**

Herinstelling per gekanselleerde dier – Stamboek-fooi uitgesluit **R103.00**
Per kapita heffing vir tyd wat dier gekanselleer was, sal gehef word

**1.8 Amptelike veilings onder Beskerming (Verwys skedule D)**

Alle veilings van geregistreerde diere **0.5%**

**1.9 Vervoer van diere in opdrag van die Genootskap**

a) Eienaar vervoer **per kwotasie**
b) Transport Kontrakteur **per tender en faktuur**

**1.10 Telers se benodighede**

a) Elektronies
b) Alle promosiemateriaal ****Koste beskikbaar op aanvraag.**

**1.11 Rekenings vir dienste deur lede gelewer**

Rekening moet binne 30 dae ingehandig word vir vereffening.

**1.12 Rente**

Rente sal op agterstallige rekenings gehef word teen **1%** per maand.

**1.13 Tantieme**

Tantieme op saad van KI bulle sal deur die KI Stasie en die Uitvoerende Komitee in samewerking met die eienaar bepaal word.

## 2. TARIEWE VIR KOMMERSIËLE EN SPESIALE LEDE

**2.1 Ledegelde**

a) Jaarlikse subskripsie **R855.00**

Alle ander tariewe is verder van toepassing op kommersiële lede.

## 3. TARIEWE VIR NIE-LEDE

**3.1 Inspeksie per dier**

a) Per kwotasie

**3.2 Oordragte per dier**

a) Per kwotasie

**3.3 SA Stamboek**

Kostes word jaarliks deur SA Stamboek bepaal en die lede word direk deur SA Stamboek gefaktureer en nie deur die kantoor van die Genootskap nie.

## SKEDULE B

## KALFGEBOORTEKENNISGEWING

**1. KALFGEBOORTEKENNISGEWINGSVORM**

Elektronies via Logix Beef of Plaas sagteware.

**2. REGULASIES M.B.T. LAATKALFINSKRYWINGS**

(a) Boetes – Sien Skedule A: 1.3 (b)

(b) Aanskrywings ná 121 dae, maar voor 180 dae, kan kalwers by hul moeders geïnspekteer word om ouerskap te bepaal.
Reiskoste sal deur teler betaal word.

(c) Kalwers wat ouer is as 180 dae sal opgeneem word, maar die Raad sal ouerskap deur middel van DNS bevestiging aanvra, welke koste dan deur die teler betaal moet word.

**3. KALFINSKRYWINGS**

(a) Kalwers van Hulpstamboek A koeie, wat in minder as 300 dae ná keuring aankom, is aanvaarbaar mits hulle deur ’n geregistreerde of aangetekende bul verwek is en sodanig op die eienaar se naam oorgedra was.

(b) Kalwers van kalfboek verse moet aangeteken word en is aanvaarbaar ná goedkeuring.

**4. DNS**

(a) DNS van stoetbulle gebruik is verpligtend van 1 Maart 2006 en die profielnommer moet op Logix Beef aangeteken wees.

(b) Stertkwashare van alle stoetbulle in gebruik moet deur ’n goedgekeurde laboratorium getipeer word.

(c) Slegs geboortekennisgewings van kalwers waarvan die vaders ge-DNS is, sal vir aantekening aanvaar word.

(d) As ’n hulpmiddel vir akkurate teelrekords van kalwers op die stelsel van die SA Stamboek sal daar jaarliks ’n maksimum van 3 (drie) kuddes deur die SA Stamboekvereniging, in samewerking met die Raad, aangewys word, waaruit 5 (vyf) kalwers uit elk van die kuddes se ouerskap deur middel van DNS toetsing ooreen moet stem soos op die stelsel aangeteken. By versuim om aan die opdrag te voldoen, mag die telers se dienste opgeskort word en sal eers herstel word as die aangewysde diere positief verbind is met hul ouers.

(e) Indien ouerskapp foute deur genomiese toetse uitgewys word, sal dit verwys na die Raad. Elke geval sal op meriete bespreek en oorweeg word. Indien die Raad daartoe instem, sal die betrokke dier se PEN by Stamboek gelig word en na Hulstamboek A verander word.

## SKEDULE C

## STANDAARD VAN VOORTREFLIKHEID

### 1. MINIMUM STANDAARD VIR KEURING VOLGENS VOORKOMS EN PRESTASIE

Behalwe in die geval van nuwe Hulpstamboek A aannames, sal beeste nie goedgekeur word as daar nie produksiesyfers tydens keuring is nie. Lede word onder die Konstitusie verplig om aan die Amptelike Produksie Aantekeningstelsel deel te neem voordat keuring kan plaasvind.

### 1.1 STANDAARD VAN VOORTREFLIKHEID

#### 1.1.1 Bul

**(I) ALGEMENE VOORKOMS** *(20 punte)*

’n Swart aangepaste vleisbees met treffende, lang, diep lyf.

RASEGTHEID EN KARAKTER
Soos blyk uit ’n statige manlike kop, vorm van oë en kop, voorkoms van horings, nekplasing en vorm van skof en skouers, lengte van rug en kruis, haarkleur en tekstuur.

BOUVORM
Duidelik omlyn, reguit, simmetries en egalig gevlees. Lyf lank, diep, breed met aanvallige bo- en onderlyn. Gemaklike vry gang met lang tree.

KWALITEIT
Soos blyk uit ’n soepel dik vel, haarbedekking en tekstuur, sterk en plat been en vol egalige vleisbedekking.

KLEUR
Blink-swart met die verskynsel af en toe van grys kolle op die lyf en grys stertkwas. Wit is toelaatbaar in die onderlyn.

**(II) MASSA EN GROOTTE VIR OUDERDOM** *(3 punte)*

Volwasse massa nie minder as 800kg. Grootte en massa vir ouderdom gebaseer op produksiegegewens, soos verskaf deur die Amptelike Produksie Aantekeningstelsel, is ’n vereiste by keuring. (Verwys na standaarde, Afdeling 1.2.3)

**(III) KOP EN HORINGS** *(10 punte)*

Neusspieël en bek sterk en manlik.
Breed met groot swart neusgate; kakebeen goed ontwikkel.

OË
Groot, wakker, wyd geplaas; oogbanke redelik prominent.

GESIG
Middelmatige lengte van oë tot bek met effense vernouing na die bek, dog goed gevul, reguit en wyd.

VOORKOP
Effens kort, breed, geplat en gevul beide tussen die oë tot onder die horings.

PROFIEL
Weens redelike prominente oogbanke en vol voorkop vertoon profiel baie effens geboë. Neusbeen is egter plat en reguit.

KRUIN
Plat en wyd tot effens prominent by onthoringde diere.

ORE
Groot, dog nie spits nie.

HORINGS
Sterk en matig lank; wit met swart punt in volwasse dier, rond of effens ovaal; kom sywaarts reguit vanuit die kop, dan vorentoe en opwaarts. Onthoringde diere en natuurlike poenskopdiere is toelaatbaar.

**(IV) NEK, SKOF EN KEELVEL** *(6 punte)*

NEK
Matig, kort en sterk, bo breed en gevlees; diep met egalige aansluiting aan kop en skouers.

SKOF
Groot, plat en goed aan skouers geheg.

KEELVEL
Goed en eweredig ontwikkel. Strek van kakebeen tot borsstuk.

**(V) SKOUERS, BORSSTUK, BORSKAS, RIBBES EN KAPASITEIT** *(12 punte)*

SKOUERS
Sterk, diep, goed en egalig gevlees, stewig aan kambene en ribbes geheg. Kambene nie prominent nie. Skouers ook opvallend egalig gevorm en gespierd bo kambene.

BORSSTUK
Wyd en redelik diep, nie te prominent nie.

BORSKAS
Diep en wyd, met vol agterblaaie en elmboë.

RIBBES EN KAPASITEIT
Goeie ribsprong, rond en diep met goed ontwikkelde verteringsruim.

**(VI) BOLYN, RUG, LENDE, HEUPE, KRUIS EN STERT** *(16 punte)*

BOLYN
Lank en reguit van kambene tot heupe.

RUG
Opvallend lank, breed en eweredig gevlees.

LENDE
Breed, vol en diep gevlees met mooi inskakeling by rug en kruisstuk.

HEUPE
Breed en goed bedek maar nie met prominente heupbene nie.

KRUIS
Goed bespierd, sonder vetophoping, opvallend lank, wyd tussen draaibene, val effens na sit- en draaibene, gevolglik effens dakvormig. Sitbene redelik ver uitmekaar. Bekkenwerwels nie te prominent nie.

STERT
Stertaanhegting redelik hoog maar nie prominent nie, van middelmatige dikte met growwe kwas en lengte tot onderkant hakke.

**(VII) DYE, BROEK EN BINNEBOUD** *(12 punte)*

DYE
Dye breed, vol, dik en diep.

BROEK
Lank en breed. Strek af tot naby hakke dog nie oordrewe rond nie.

BINNEBOUD
Diep en vol.

**(VIII) BENE, KLOUE EN BEENSTRUKTUUR** *(10 punte)*

BENE
Onderste skenkels redelik kort, sterk, reguit en vierkantig geplaas. Knieë en hakke groot en sterk. Goed gespierd.

KLOUE
Groot, hard, swart en mooi gerond.

BEENSTRUKTUUR
Kwaliteit getoon deur ’n sterk, harde, plat been.

**(IX) MANLIKE ORGANE** *(8 punte)*

TEELORGANE
Egalig gevorm, goed ontwikkel en ewe groot teelballe met minimum testes omvang volgens minimum Standaarde – Punt 1.2.4.

SKEDE
Nie oormatig ontwikkel.

**(X) VEL EN HAAR** *(3 punte)*

VEL
Dik. Los en soepel.

HAAR
Blink-swart, van medium lengte en fynheid, growwer in die nek en kop, reguit en dig.

**1.1.2 Koei**

**(I) ALGEMENE VOORKOMS** *(20 punte)*

’n Swart aangepaste vleisbees met ’n treffende lang lyf.

RASEGTHEID EN KARAKTER
Soos blyk uit ’n statige vroulike kop, vorm van oë en kop. Kromming en deursnit van horing, lenige verfynde nek en netjiese aanhegting en plasing van skouers, lengte van rug en kruis, haarkleur en tekstuur.

BOUVORM
Duidelik omlyn, reguit, goed gebalanseer, simmetries en egalig gevlees. Lang lyf, redelik diep, breed, groot kapasiteit met ’n aanvallige bo- en onderlyn. Gemaklike vry gang met lang tree.

KWALITEIT
Soos blyk uit ’n soepel los vel, haarbedekking en tekstuur, sterk, plat been met egalige vleisbedekking.

KLEUR
Blink-swart met die verskynsel af en toe van grys kolle op die lyf en grys stertkwas. Wit is toelaatbaar in die onderlyn.

**(II) MASSA EN GROOTTE VIR OUDERDOM** *(3 punte)*

Grootte en massa vir ouderdom gebaseer op Produksiegegewens, soos verskaf deur die Amptelike Produksie Aantekening Stelsel as vereiste vir keuring. (Verwys na standaarde, Afdeling 1.2.3).

**(III) KOP EN HORINGS** *(10 punte)*

NEUSSPIEËL EN BEK
Breed met groot swart neusgate, kakebeen goed ontwikkel.

OË
Groot en wakker, wyd geplaas, oogbanke nie te prominent nie.

GESIG
Middelmatige lengte van oë tot bek, dog goed gevul, reguit en wyd.

VOORKOP
Effens kort, breed, reguit, plat en gevul, beide tussen die oë tot onder die horings.

PROFIEL
So te sê ’n reguit lyn, dog nie hol nie.

KRUIN
Plat en wyd, tot effens prominent by onthoringde diere.

ORE
Groot, dog nie spits nie.

HORINGS
Sterk en matig lank, wit met swart punt by volwasse diere. Rond of effens ovaal uit kop, dan vorentoe en opwaarts. Onthoringde diere en natuurlike poenskopdiere is toelaatbaar.

**(IV) NEK, SKOF EN KEELVEL** *(6 punte)*

NEK
Fyn, lenig dog reguit en sterk, met goeie diepte wat mooi aansluit aan kop en skouers.

SKOF
Feitlik geen skof nie.

KEELVEL
Goed en eweredig ontwikkel. Strek van kakebeen tot borsstuk.

**(V) SKOUERS, BORSSTUK, BORSKAS, RIBBES EN KAPASITEIT** *(12 punte)*

SKOUERS
Diep, goed en egalig gevlees. Fyn en mooi aan ribbes en kambene gevoeg. Kambene nie prominent nie.

BORSSTUK
Nie prominent nie, wyd en redelik diep.

BORSKAS
Redelik diep, wyd en vol agterblaaie en elmboë.

RIBBES EN KAPASITEIT
Goeie sprong van ribbes, rond en diep met goed ontwikkelde verteringsruimte.

**(VI) BOLYN, RUG, LENDE, HEUPE, KRUIS EN STERT** *(16 punte)*

BOLYN
Lank en reguit van kambene tot heupe.

RUG
Opvallend lank, breed en eweredig gevlees.

LENDE
Breed, vol en dik gevlees met mooi inskakeling by rug en kruisstuk.

HEUPE
Breed en goed bedek, maar nie met prominente heupbene nie.

KRUIS
Goed gevul en opvallend lank sonder vetophoping, wyd tussen draaibene met 'n effense val na die sitbene; draaibene gevolglik effens dakvormig. Sitbene redelik ver uitmekaar. Bekkenwerwels nie te prominent nie.

STERT
Stertaanhegting redelik hoog maar nie te prominent nie, van middelmatige dikte met growwe kwas en lengte tot onderkant hakke.

**(VII) DYE, BROEK EN BINNEBOUD** *(10 punte)*

DYE
Dye breed, vol, dik en diep.

BROEK
Lank en breed. Strek af tot naby hakke dog nie oordrewe rond nie.

**(VIII) BENE, KLOUE EN BEENSTRUKTUUR** *(10 punte)*

BENE
Onderste skenkels redelik kort, sterk, reguit en vierkantig geplaas. Knieë en hakke groot en sterk. Goed gespierd.

KLOUE
Groot, hard, swart en mooi gerond.

BEENSTRUKTUUR
Kwaliteit getoon deur 'n sterk, harde, plat been.

**(IX) VROULIKE ORGANE** *(10 punte)*

UIER
Groot, soepel, lang uier met goeie voor- en agteraanhegting, nie vlesig of hangend nie. Melkare groot en vertak.

SPENE
Spene van middelmatige lengte, vierkantig en wyd uitmekaar geplaas.

**(X) VEL EN HAAR** *(3 punte)*

VEL
Los en soepel.

HAAR
Blink-swart van medium lengte en fynheid, reguit, blink en dig.

**VIR KEURING**

1.1.3 Bulle moet minstens 70% van totale puntetelling behaal.
1.1.4 Vroulike diere moet minstens 60% van puntetelling behaal.
1.1.5 Minstens 50% van 'n onderafdeling van die standaard moet behaal word deur bulle en vroulike diere.

**1.1.6 Bepunting**

| | |
|---|---|
| 1+ | behaal 95% of hoër |
| 1 | behaal 90 tot 94% |
| 1- | behaal 85 tot 89% |
| 2+ | behaal 80 tot 84% |
| 2 | behaal 75 tot 79% |
| 2- | behaal 70 tot 74% |
| 3+ | behaal 65 tot 69% (manlike diere word afgekeur) |
| 3 | behaal 60 tot 64% |
| 3- | behaal 55 tot 59% (vroulike diere word afgekeur) |

1.1.7 Alle diere moet bepunt word. Indien ’n manlike dier bo 80% punt moet hy ook in die onderafdelings gepunt word.

## 1.2 PRODUKSIESTANDAARDE (AMPTELIK)

### 1.2.1 Reproduksie

i) Die minimum kere wat ’n koei op vasgestelde ouderdomme moet kalf, verskyn hieronder:

| Ouderdom | Minimum aantal kalwers |
|---|---|
| 3 jaar en 100 dae | 1 |
| 5 jaar en 100 dae | 2 |
| 6 jaar en 100 dae | 3 |
| 8 jaar en 100 dae | 4 |
| 9 jaar en 100 dae | 5 |
| 10 jaar en 100 dae | 6 |
| 12 jaar en 100 dae | 7 |

Elke geval sal volgens meriete behandel word.

### 1.2.2 Melkproduksie en moederlike vermoë

i) ’n Koei moet minstens twee uit enige drie agtereenvolgende kalwers tot speenouderdom grootmaak.
ii) ’n Koei sal uitgeskot word as meer as twee agtereenvolgende kalwers se speenindeks onder 90 is, behalwe as sy oor die ouderdom van 12 jaar en 3 maande is.
iii) Elke geval sal op meriete hanteer word.

### 1.2.3 Groeivermoë van bulle en verse (Voor- en naspeense groei)

Keuringsvereistes is soos volg:
i) Amptelike produksiegegewens van minstens twee massabepalings moet beskikbaar wees.
ii) Indien verse voor die ouderdom van 18 maande gekeur word sal die speen- en 12-maande gegewens vereis word.
iii) Indien die diere nie op 12 maande geweeg is nie sal die speen- en 18-maande-gegewens vereis word.
iv) Tydgenote wat vir keuring aangebied word moet altyd as ’n geheelgroep voorkom.

Die volgende minimum produksiestandaarde geld:

Speenindeks minstens ____________________________________________________________90
En/of 12-Maande-indeks minstens ________________________________________________90
En/of 18-Maande-indeks minstens_______________________________________ _________90

**Waar twee of drie indekse beskikbaar is mag een van die indekse onder 90 wees, maar die gemiddeld moet 90 of hoër wees.**

**Diere wat nie hierdie syfers haal nie mag op meriete gekeur word as die bouvorm uitstaande is en 'n punting van minstens 70 vir vroulike diere en 80 vir manlike diere behaal word.**

**Die skrotumomvang van enige bulle mag, indien daar twyfel bestaan, deur die inspekteur gemeet word en die gegewe riglyn gebruik word.**

### 1.2.4 Groeivermoë van Bulle en Verse-Naspeense groeitoetse

Keuringsvereistes is soos volg:

Waar amptelike naspeense groeitoetse plaasgevind het moet al die beskikbare tydgenote as 'n groep vir keuring aangebied word, verkieslik direk ná die toets gesluit het.

i) Bulle en verse – Op-die-Plaas-Groeitoetse en Sentrale Groeitoetse

Die volgende minimum produksiestandaarde geld:

Speenindeks minstens____________________________________________________________90
G.D.T-indeks minstens___________________________________________________________90
En/of V.O.V.-indeks minstens Sentrale Groeitoetse_________________________________90

Waar twee of drie indekse beskikbaar is mag een van die indekse onder 90 wees maar die gemiddeld moet 90 of hoër wees.

**Die merietereël hierbo geld ook vir Groeitoetse. (Diere wat nie hierdie syfers haal nie mag op meriete gekeur word as die bouvorm uitstaande is en 'n punting van minstens 80 vir manlike diere en 70 vir vroulike diere behaal word.)**

Minimum skrotumomvang vir bulle in Naspeense Groeitoetse:

| | | Werklike mate | Gekorrigeerde mate |
|---|---|---|---|
| Massa | 300 tot 324,99 Kg | 28 cm | 30.5cm |
| Massa | 325 tot 349,99 Kg | 29 cm | |
| Massa | 350 tot 399,99 Kg | 30 cm | |
| Massa | 400 tot 449,99 Kg | 31 cm | |
| Massa | 450 tot 499,99 Kg | 32 cm | |
| Massa | 500 tot 549,99 Kg | 33 cm | |
| Massa | 550 Kg + | 34 cm + | |

### 1.3 Funksionele en Visuele evaluasie

Die klem word geplaas op die funksie van die dier en tipe. Diere met erflike gebreke of met afwykings wat die funksie betekenisvol benadeel volgens die oordeel van die inspekteur sal uitgeskot word.

**Diskwalifikasie (dier word afgekeur)
 * Diskriminasie wat tot diskwalifikasie kan lei.

a. KOP

| *Diskwalifikasie* | *Diskriminasie* |
|---|---|
| Kort onderkaak | Kompakte of oormatige lang kop |
| Lang onderkaak | Fyn of spitsbek |
| Skewe bek | Leeuken |
| Skewe gesig | |
| Skewe neusspieël | |
| Ligte onderkaak | |

b. VOOR- EN AGTERBENE

| *Diskwalifikasie* | *Diskriminasie* |
|---|---|
| Uitgroeikloue | Wydgesplete kloue |
| Deursakkote | Kloue draai na binne |
| Afwesigheid van bykloutjies | Kloue onewe van lengte of lang kloue |
| Bokknieë of knieë na agter gebuig | Regop kote |
| Laminitis | X-benig |
| Rolkloue | Bakbenig |
| | Duiftong |
| | Sekelhakkig of regophakkig |

c. SKOUERS

*Diskwalifikasies*
Te los
Kambene wat ver bo skouers uitstyg

d. BORS, RUG EN MIDDELSTUK

| *Diskwalifikasie* | *Diskriminasie* |
|---|---|
| Duiwelsgreep (geknyp agter blaaie) | Holrug |
| Kromrug van agter gesien (Skoliose) | Gebrek aan diepte |
| Boggelrug | Plat middelstuk van agter gesien |

e. BEKKEN, KRUIS EN STERT

| *Diskwalifikasie* | *Diskriminasie* |
|---|---|
| Skewe stertwortel aanhegting | Smal bekken |
| Aangebore kinkel in stert (boonste derde) | Plat, dakkige- of hangkruis |
| | Baie prominente stertwortel |

f. REPRODUKSIE

| *Diskwalifikasie* | *Diskriminasie* |
|---|---|
| Prolaps van voorhuid | Vlesige skede |
| Hipoplasie van teelballe (enkel of bilateraal) | Lang skedevel bo skedeopening |
| Byballe gedeeltelik afwesig (Epididymis) | Gedraaide stringe |
| Kriptorchidisme (een of albei testes nie volledig in skrotum) | Lang swaaiende skrotum |
| Vulva wat horisontaal neig | Vulva wat infantiel is |
| Spene afwesig | Swak uierontwikkeling |
| | Spene klein |
| | Erflike ongebalanseerde uier |
| | Misvormde spene |

g. ALGEMEEN

| *Diskwalifikasie* | *Diskriminasie* |
|---|---|
| Kroeshare of wollerige somerkleed | Lang haarkleed |
| Wilde temperament | Bulle met vroulike of osserige voorkom |
| Dwergeienskappe | Verse met osserige voorkoms |
| Dubbelbespiering | Ponie-tipe of te groot raam-tipe |
| Dubbele vel | Swak bespiering |
| Vaal, skiller of groot wit kolle buite onderlyn | Fyn of growwe skelet |
| Hele witkwas (Gryskwas toelaatbaar) | |
| Wit aan bene | |
| Algehele rooi hare op kop of lyf | |

Ander afwykings wat nie gelys is nie

- Kroniese opblaas
- Swak konstitusie
- Enige ander genetiese afwykings

**1.4 GRYSVLEK OF GEBOORTEVLEK**

Swart gepigmenteerde vel met swart en wit hare.

**1.5 BEESTE GEKEUR AS HULPSTAMBOEK A**

a) Moet minstens 15 maande oud wees wanneer hulle gekeur word.
b) ’n Volledige geskiedenis op skrif van die diere moet die aansoek om keuring vergesel.
c) Poenskopdiere mag as Hulpstamboek A-diere gekeur word mits hul met die poenskopgeen verbind kan word deur die Celtic of Geneseek toetsmodel. Die nageslag van hierdie poenskop diere moet deur middel van DNS toetse aan die ouers verbind word.
d) Bulle as Hulpstamboek A gekeur moet minstens 80 punte behaal en oor ’n genomiese profiel beskik met genomiese suiwerheid van 87,5 % of meer van die Drakensberger Verwysingspopulasie.
e) Vroulike diere as Hulpstamboek A gekeur moet minstens 60 punte behaal.
f) Vroulike diere in die Fondasie (FS) afdeling mag net met SP bulle gepaar word.
g) Nageslag uit Veelvuldige Vaar dekkings wat nie aan ‘n vaar verbind kan word deur middel van DNS bepaling nie, moet voldoen aan die standaarde van Hulpstamboek A diere.

# SKEDULE D

## VEILINGS

A. **VOORWAARDES VIR AMPTELIKE, KLUB-, PRODUKSIE-, GROEPS- OF SPESIALE VEILINGS (hierna verwys as die Instansie). VIR ALLE RASVEILINGS GELD HIERDIE REЀLINGS NET VIR DIE DRAKENSBERGERS.**

1. Die kantoor moet in kennis gestel word van alle veilings.
2. Die verantwoordelike persoon moet die inskrywings aan die kantoor stuur. Inligting moet bestaan uit die teler se naam en kuddenommer en die dier se ID-, rekenaarnommer en enige opmerkings. By vroulike diere wat as dragtig aangebied word, moet die moontlike vaars aangedui word sowel as die DNS nommers van die vaars. Kalwers wat saam met hul moeders aangebied word moet reeds aangeteken wees en hul ID-nommer sowel as die vaar moet aangedui word. In die geval van veelvuldige vaars moet die moontlike vaars en hul DNS-nommers aangedui wees.
3. Die Kantoor sal die katalogus opstel met inligting vanaf SA Stamboek, die “draft weergawe” laat nagaan deur ’n persoon, soos deur die Raad aangewys, en die nodige stappe neem. Die finale weergawe sal, sodra die “draft” gelig is, aan die verantwoordelike persoon en die afslaersmaatskappy gestuur word.
4. Die Instansie of lid is verantwoordelik vir die koste van die opstel van die katalogus.
5. Die Instansie is self verantwoordelik vir die druk en verspreiding van die katalogus.
6. Die Instansie is in samewerking met die afslaers verantwoordelik vir al die reklame.
7. Inskrywingsgelde sal deur die Instansie bepaal word en moet aan die deelnemers oorgedra word. Alternatiewe reëlings ten opsigte van advertensiegelde en boetes mag deur die Instansie getref word.
8. Alleenlik goedgekeurde diere sal tydens veilings vir verkoop aangebied word. Geen keurings sal tydens “screening” geskied nie. Alle diere moet gebrand wees met die KKM, Jaartal, Volgnommer en die “D”.
9. Die Raad wys twee Beskermhere vir die veiling aan en stel hulle en die Instansie in kennis.
10. Diere moet minstens 24 uur voor die aanvang van die veiling op die bestemde plek wees, of soos deur die betrokke Instansie bepaal, om geïnspekteer te word.
11. ’n Verteenwoordiger van die afslaers sal die diere by die veilingsterrein ontvang en die lotnommers volgens die katalogus op die diere aanbring.
12. Eienaars moet die Beskermhere en Afslaers in kennis stel van enige beserings wat die diere in transito opgedoen het.
13. Die Beskermhere sal diere voor die veiling inspekteer volgens die Standaard van Voortreflikheid en veilingskondisie. Diere wat nie aan standaarde voldoen nie, moet onttrek word en mag nie te koop op dié veiling aangebied word nie.
14. Vir alle manlike diere moet daar ’n vrugbaarheidsertifikaat wees wat die nommer van die dier bevat, sertifiseer dat die dier vrugbaar is, vry van Trichomoniase en na sy mening geskik is vir teling. Hierdie sertifikaat moet onderteken wees deur ’n veearts of deur ’n persoon soos deur die Raad goedgekeur.
15. Vroulike diere, ouer as 30 maande, se staat van dragtigheid moet binne 30 dae voor die veiling gesertifiseer wees en TB en BM sertifikate nie ouer as 12 maande moet beskikbaar wees tydens finale keuring voor die veiling.
16. Vrugbaarheidsertifikate moet tydens die inspeksie beskikbaar wees vir kontrolering. Eienaars moet self die verkoopte diere aan die nuwe eienaars oordra.
17. Die Instansie besluit oor die volgorde van verkopers en die aantal diere per rondte.
18. Die minimum verkoopprys van die bulle en aanteelvee sal jaarliks deur die verkopers bepaal word.

19. Die verkopers is verantwoordelik vir die voer en water van sy diere totdat die bod toegeslaan is.
20. Geen afgekeurde of kommersiële manlike diere mag op hierdie veiling verkoop word nie.
21. Geen vroulike diere in die Fondasie-afdeling mag "onder Beskerming" verkoop word nie, maar wel as kommersieel. Geen manlike diere in die Fondasie afdeling mag op 'n veiling verkoop word nie
22. Vroulike diere wat nie deur die Beskermhere goedgekeur is vir die veiling nie mag nie "onder Beskerming" verkoop word nie. Hulle mag wel as kommersiële diere aangebied word, in welke geval die diere gekanselleer sal word en dit moet voor en tydens die veiling aangekondig word. Dit geld ook alle ander kommersieële vroulike diere.
23. Alle manlike diere op veilings Onder Beskerming van die Drakensberger Beestelersgenootskap moet getoets wees vir die NT821 miostatin geen en so aangeteken wees op die Logix stelsel en moet ook in die veilingskatalogus verskyn.

## B. VOORDELE TEN OPSIGTE VAN VEILINGS ONDER BESKERMING VAN DIE GENOOTSKAP.

Vir die betaling van **.5% kommissie** op die totale omset van Geregistreerde en Aangetekende diere verkoop, kan die lid die volgende verwag:

1. Twee Beskermhere word vir die veiling aangewys om tot voordeel van die veiling op te tree.
2. Veilingsdatums word gratis op of in sekere amptelike reklamepublikasies en nuusbriewe geplaas indien die kantoor die nodige inligting voor die sperdatum van 1 Oktober die vorige jaar ontvang.
3. Reiskoste van die Beskermhere vir die veiling word deur die Genootskap betaal, ná die indiening van hul eis en 'n verslag oor die veiling. Verblyf van die Beskermhere moet deur die instansie, op eie koste, voorsien word.
4. Enige inligtingstukke kan deur die kantoor aan ons adreslys gestuur word op eienaarskoste of deel koste met ander pos.
5. Enige ander bystand ten opsigte van die Veiling sal op eienaarskoste wees.
6. Die Kantoor of Raad sal egter te alle tye bereid wees om telers gratis van raad te bedien.
7. "Screening" van alle Geregistreerde en Aangetekende diere sowel as die nagaan van alle sertifikate van die betrokke diere.
8. Die Beskermhere is tydens die veiling teenwoordig om voornemende kopers van advies te voorsien.
9. Die Beskermhere mag aankondigings en positiewe opmerkings vanaf die rostrum doen op versoek van die instansie.
10. Veilingsnavrae aan die kantoor moet aan die verantwoordelike persoon deurgegee word.

## C. AANBEVELINGS VIR BEVREDIGENDE, SUKSESVOLLE VEILINGS ONDER BESKERMING.

1. Dat onproduktiewe diere nie verkoop word nie.
2. Dat onvrugbare of laagvrugbare bulle nie verkoop mag word nie.
3. Dat diere wat nie aan die Standaard van Voortreflikheid voldoen nie, nie op die veiling verkoop word nie.
4. Dat alle vroulike geslagsaktiewe diere vir dragtigheid getoets word. Positiewe resultate lok kopers.
5. Gebruik die Beskermhere: hulle is daar om te alle tye die veiling positief te beïnvloed.
6. Handhaaf te alle tye 'n positiewe houding ten opsigte van die veiling.
7. Dat dit duidelik moet blyk dat die eienaar/verkoper openlik wil wees met elke transaksie.

8. Daar moet ná die veiling ’n oop verhouding tussen koper en verkoper wees.

**E. KOPERS EN DIE VERKOPERS VAN DIE DIERE OP VEILINGS ONDER BESKERMING.**

**DIT MOET AANVAAR WORD:**

Dat die Drakensberger kantoor, Raad en Genootskap nie kan instaan vir onopsigtelike gebreke, foute of siektes onder diere nie. Waar sulke probleme voorkom sal:

1. Die verkoper die aangeleentheid met die koper moet regstel.
2. Siviele sake nie deur die Genoodskap gedryf word nie.
3. Leiding en raad aan kopers en verkopers gegee word om klagtes op te los.
4. Waar oortredings soos in die Konstitusie vermeld word voorkom, sal die Raad wel teen lede optree wat misleidende informasie of gegewens oorgedra het.
5. Die Raad sal ‘n skrywe uitreik aan die lid wat die Konstitusie minag waarop die lid binne 21 dae moet reageer. Die Raad kan ‘n boete, gelykstaande aan 100% van die lid se per kapita fooi vir die jaar, oplê. Verdere oortredings kan lei tot skorsing en kanselasie van die lid se diere.

## SKEDULE E

**PROSEDURE**
**AANSTELLING VAN HOOFRAS, SENIOR- EN JUNIORKEURDERS EN –BEOORDELAARS**

A. <u>JUNIOR BEOORDELAARS / KEURDER</u>

1. Ná suksesvolle aflegging van Leerlingkeurderskursus volg die meedoen aan 3 volledige keuringstoere en 1 veiling as Beskermheer, op eie koste, om sodoende te kwalifiseer as Junior Keurder, waar onder leiding van Senior Keurders:

   1.1 taktvolle hantering van lede en hulle beesbelange deur voorbeeld en leiding geïllustreer en beklemtoon word;

   1.2 kennis van die Drakensberger Beesras gevestig en verbreed word;

   1.3 administratiewe probleme vir lede opgelos word en

   1.4 kantoorprosedures by goedkeuring, afkeuring of oorstaan van diere, vir die verskeie telingsregisters, deeglik geïllustreer en tuisgebring word.

2. Ná elke keuringstoer moet Senior Keurders wat betrokke toere lei, verslag lewer met betrekking tot die kennis, vernuf en optrede van toekomstige Junior Keurders.

3. Ná elke keuringstoer moet die hoof en senior beoordelaars ’n verslag skryf wat veral handel oor die kandidaat se leerlus, kennis van die ras en gedrag teenoor telers. Ná die derde toer moet daar ’n laaste, opsommende verslag wees.

4. Ná afhandeling van die 3 toere en 1 veiling as Beskermheer moet die leerder aansoek doen vir evaluasie deur ’n paneel van Senior keurders. Die Raad sal na aanleiding van die positiewe verslae die kandidate vir finale evaluasie vir Junior Keurder uitnooi.

5. ’n Praktiese en teoretiese toets slaag voordat goedkeuring deur die Raad oorweeg sal word.

## B. SENIOR BEOORDELAARS / KEURDER

1. Ná die Junior Keurder-/Beoordelaarstatus verkry is, moet ’n tydperk volg wat minstens 3 keuringstoere en 1 veiling as Beskermheer insluit, onderworpe aan beoordeling en met leiding, soos in A hierbo uiteengesit.

2. Die huidige Senior keurders sal die Junior Keurders dan by die Raad aanbeveel as ’n geskikte kandidaat vir Senior Keurder of Beoordelaar.

3. Ná afhandeling van die 3 toere en 1 veiling as Beskermheer moet die Junior aansoek doen vir evaluasie deur ’n paneel van Senior keurders. Die Raad sal na aanleiding van positiewe verslae die kandidate vir finale evaluasie vir Senior Keurder uitnooi.

4. ’n Praktiese en teoretiese toets slaag voordat goedkeuring deur die Raad oorweeg sal word.

5. Slegs aktiewe telers met geregistreerde diere sal as toerleiers tydens keuringstoere en as Senior Beskermheer op veilings dien.

## C. KEURDERS

C1 Opdragte

(a) Keurders tree op namens en onder die beskerming van die Genootskap.
(b) Moet hulle vergewis van die geskiedenis van Hulpstamboek A beeste voordat keuring onderneem word.
(c) Alle goedgekeurde beeste sal met ’n D op die linkerblad gebrand word. Oorkode nommers sal op die linkerheup gebrand word.
(d) Geen diere onder 12 maande mag gekeur word nie tensy die dier in ’n intensiewe groeitoets was, welke dier dan bo 10 maande mag wees.
(e) A.g.v. die gevaar van ongewensde faktore soos abnormale groot of klein beeste, gebroke vel of enige ander abnormaliteit, moet die keurders hulle streng by die ideaal soos omskrywe in die “Standaard van Voortreflikheid” (Skedule C) hou.
(f) Brand van beeste – nuwe diere moet in die teenwoordigheid van die keurders gebrand word. Keurders sal eie diskresie gebruik aan welke lede dit oorgelaat kan word om self die D en nommers op hul diere te brand. Die keurders is verantwoordelik dat die diere gebrand word.
(g) Keuring van oorstaan diere – Geen oorstaan van diere word toegelaat nie. Slegs in die geval van siek diere mag die Senior keurder die dier op die keuringsvorm skrap en mag die betrokke dier op die volgende jaarlikse keuring weer aangebied word vir finale keuring.
(h) ’n Kalfboekvers wat dood is, se kalf wat vir keuring voorgebring word, se status sal behou word met keuring.
(i) Alle diere wat gekeur word, moet ook bepunt word en op ’n inspeksielys aangeteken word. Vir bulle wat bo 80% punt, moet die onderafdelings ook bepunt en aangeteken word.

(j) By diere wat afgekeur word, moet afkeurkodes op die inspeksielys aangeteken word.

C2 Goedkeuring van Hulpstamboek A-Diere:

(a) Geskiedenis volledig verstrek en deur keurders nagegaan.
(b) Alle brandmerke en oormerke of kodes van diere moet deur keurders aangeteken word en nie dood gebrand of verander word nie.
(c) Hulpstamboek A-diere moet minstens 15 maande oud wees met keuring.
(d) Geen kalwers (van die Hulpstamboek A-diere wat vroeg gebore is) sal in die boeke aangeteken word nie, tensy DNS-tipering ouerskap kan bewys.
(e) Hulpstamboek A-diere sal alleenlik by ’n nuwe lid wat onderneem om aan die Produksie Aantekeningstelsel deel te neem, soos in die konstitusie bepaal, gekeur word. Bestaande lede moet ipso facto ook hieraan voldoen.
(f) Hulpstamboek A-diere mag binne 12 maande ná keuring nie verkoop en/of oorgedra word nie.
(g) Bulle wat as Hulpstamboek A gekeur word moet minstens 80 punt vir visuele voorkoms en genomies getoets wees. Genomiese suiwerheid moet 87.5% en meer van die Drakensberger Verwysingspopulasie wees.
(h) Hulpstamboek A bulle moet negatief toets vir NT821, hulle mag dus nie miostatien + wees nie.
(i) Dit word sterk aanbeveel dat bogenoemde hulpstamboek A bulle in die betrokke teler se eie kudde gebruik word.

## SKEDULE F

**1. AANSOEK OM LIDMAATSKAP – STOETTELERS**

Bylae A

**2. AANSOEK OM LIDMAATSKAP – KOMMERSIËLE TELERS**

Bylae B

**3. AANSOEK OM SPESIALE LIDMAATSKAP – Betrokke by Stoetteling**

Bylae C

## SKEDULE G

**1. AANSOEK OM KEURING**

Bylae D

**2. KENNISGEWING VAN KEURING EN BRAND VAN DIERE**

Die keuringsdatum sal vroegtydig aan alle lede gesirkuleer word. Voorsiening moet gemaak word dat die keuring ’n dag vroeër of later verskuif kan word weens onvermydelike omstandighede.

Let op die volgende:

a. Die eienaar sal self sy diere brand met die “D” op die linker voorblad en jaar en ID-nommer op die linker heup (kruis).
b. Voldoende arbeid en fasiliteite moet beskikbaar wees sodat die keuring vlot kan verloop.

c. Persoonlike KKM moet reeds gebrand wees.
d. Keuringsvorms moet via Logix Beef of BenguFarm gedruk word. Al die toepaslike inligting sal reeds daarop verskyn. Indien Produksiedata ontbreek, sal die lid 30 dae ná die keuringsdatum hê om die inligting aan te teken. Sou die lid in gebreke bly om die Produksiedata aan te teken, sal die diere as Hulpstamboek A aanvaar word. Geen "pending" diere kan gekeur word nie en die redes moet eers reggestel word, waarna die keuring aanvaar sal word.
e. FS diere wat die keuring slaag, sal as Hulpstamboek A aanvaar word tensy die rede vir FS opgelos is.

## 3. SPESIALE EN APPÈL-KEURING

a. Keurders wat vir 'n spesifieke area aangestel word, sal die volle tydperk van een jaar die area bedien. Indien dit kostedoeltreffend is en gemelde keurders nie kan gaan nie, sal ander keurders deur die Dagbestuur aangestel word.
b. Enige teler wat nie met die inspekteur se beslissing tevrede is nie, mag binne 3 weke ná die inspeksie appèl aanteken by die sekretaris vir die betrokke dier(e) en die nodige deposito betaal soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal. (Sien Skedule A 1.4 (c))
c. Telers mag aansoek doen vir 'n Spesiale keuring direk nadat 'n naspeense groeitoets voltooi is. Dit sal soos 'n gewone keuring hanteer word. Keuringskoste, soos in Skedule A 1.4 (b), sal deur die telers betaal word, sowel as die verblyfkoste van die keurders, indien benodig. Die Genootskap betaal slegs die reiskoste van die keurders.
d. Telers mag egter 'n voorlopige seleksie self afhandel en die res van die bulle as 'n groep voor die keurders bring tydens die jaarlikse keuring.
e. Bulle, getoets by 'n Sentrale toetsstasie, se keuring sal deur die Genootskap gereël word nadat die kantoor in kennis gestel word deur die betrokke toetsstasie. Telers moet egter die inspeksievorm aan die toetssentrum stuur sodat dit aan die betrokke keurders oorhandig kan word. Telers sal verantwoordelik wees vir die keuringskoste.
f. Spesiale keuring by nuwe lede sal slegs geskied as die lid reeds in besit is van sy KKM. Die eerste keuring van 'n nuwe lid se nuwe diere sal gratis wees.
g. Persoonlike KKM moet reeds gebrand wees.

## SKEDULE H

## SERTIFISERING

Daar het as gevolg van onnodige probleme by voerkraalaankopers die behoefte ontstaan om Drakensberger kuddes as raseg te laat sertifiseer en met 'n DK te brand op die regterboud. Die diere moet onder toesig van die keurders gebrand word.

Die koste verbonde aan so 'n keuring sal die reiskoste van die keurders plus die administratiewe fooi (soos van toepassing) wees.

Dieselfde prosedure geld as by die aansoek om keuring. Sien asseblief die "Aansoek om Sertifiseringvorm" – Bylae E.

## SKEDULE I

## SERTIFIKATE

1. SERTIFIKAAT
   Geen Sertifikate sal deur Stamboekvereniging uitgereik word nie tensy 'n teler so 'n sertifikaat aanvra. Die teler is dan verantwoordelik vir die koste daarvan.

## SKEDULE J

## KUNSMATIGE INSEMINASIE

Sertifikaat van Inseminering soos deur die KI-Stasie uitgereik en, indien deur die SA Stamboekvereniging verlang, sal geboortekennisgewing vergesel.

### 1. Rasstandaarde vir KI-Bulle

(a) Die Genootskap sal die gebruik van KI bevorder, in oorstemming met die KI-Wet en reëls van die Genootskap.

(b) Die Vereniging sal op aanbeveling van die Genootskap die geboortekennisgewings van kalwers verwek deur bulle van Sentrale KI Sentrums aanvaar, indien sodanige bulle aan die volgende vereistes voldoen:

| | |
|---|---|
| • Geboortemassa | maksimum 45kg |
| • Speenindeks | minstens 90 |
| • Naspeengroeitoets se indekse | (a) G.D.T. 90 en hoër<br>(b) Voeromset van minstens 90 (Sentrale toetsstasie) |

- Skrotum omvang soos reeds beskryf by C 1.2.

Die moeder van die bul moet aan die volgende vereistes voldoen:

| | |
|---|---|
| • Gemiddelde speenindeks | 90 |
| • Kalwing | Geen geskiedenis van moeilike kalwing hê nie. |
| • Vrugbaarheid | Ten tye van goedkeuring van die bul moet die koei se reproduksierekord voldoen aan die minimum vereistes (Volgens Skedule C 1.2.1) |

(c) Jong bulle wat aan Voor- en na-speense toetse deelgeneem het, sal voorkeur geniet.
(d) Nageslag: Die Genootskap mag die registrasie van 'n KI-bul kanselleer indien die prestasie van die nageslag nie bevredigend is nie.
(e) Enige gekeurde bulle kan deur die Raad oorweeg word mits die bul aan die wetlike vereistes voldoen.

**2. Standaarde vir KI Jong Bul Skema**

(a) Die Genootskap sal die gebruik van KI beheer, in ooreenstemming met die KI-Wet, Konstitusie en Skedules van die Genootskap.
(b) Die Genootskap sal slegs bulle by KI Sentrums toelaat indien sodanige bulle aan die volgende vereistes voldoen:

A. Eie Prestasie

| | |
|---|---|
| • Geboortemassa | Nie hoër as 45kg |
| • Speenindeks | 100 of hoër |
| • Naspeenindeks of GDT | 100 of hoër |
| *Voeromsetvermoeë (Sentrale toets)* | *100 of hoër* |
| • Skrotumomvang | 29-29.99cc (Naspeense toets) |
| • Voorkoms | Funksioneel doeltreffend. Moet bo 80 punt. |

## SKEDULE K

**KOMITEES**

Die Raad sal van tyd tot tyd die volgende subkomitees aanstel.
Tans is daar:

1. Uitvoerende Komitee/Dagbestuur
2. Finansiële Komitee
3. Reklamekomitee
4. Tegniese Komitee
5. Rasverbeteringkomitee

## SKEDULE L

**KLUBS**

1. ’n Groep telers mag by die Raad aansoek doen om vir die stigting van ’n Klub.
2. Hulle moet ’n konstitusie aan die Raad voorlê vir goedkeuring.
3. Geen aangeleentheid m.b.t. sake of aangeleenthede wat die prerogatief van die Genootskap is mag op Klubvergaderings bespreek word nie.
4. Boeredae moet met die goedkeuring en samewerking van die Raad gereël word.
5. Lede mag aan meer as een Klub behoort.

## SKEDULE M

**SKOUE**

1. Streekskampioenpskappe kan jaarliks, met die goedkeuring van die Raad, afwisselend in elke provinsie gehou word.

   (a) ’n Minimum van 30 inskrywings word vereis.

2. Twee beoordelaars sal op Kampioenskapskoue beoordeel.

3. ’n Kampioenskapskou sal van tyd tot tyd gehou word.

4. Sonder gelewerde bewyse van geboortedatum kan Hulpstamboek A-diere nie in ouderdomsklasse, met die uitsondering van oop klasse, deelneem nie.

5. Geen vroulike diere (verse uitgesonder) mag op ’n skou meeding tensy dragtig of met ’n suipkalf nie.

## SKEDULE N

**OORDRAGTE**

**1. AANSOEK OM OORDRAGTE**

Alle aansoeke om oordragte, met oordragdatum, nuwe eienaar se besonderhede en dier se ID- en rekenaarnommer, moet skriftelik of elektronies aan SA Stamboek gestuur word.

**2. INSTRUKSIES**

(a) As ’n dier verkoop word of op enige ander manier oorgedra word na iemand anders, moet die oordrag volledig deur die verkoper of oordraer op die vorm aangebring en onderteken word. Die voltooide vorm moet dan deur die Verkoper of Oordraer gestuur word aan die Genootskap. Dit mag ook elektronies geskied.

(b) Die kennisgewing van oordrag moet die Genootskap binne 30 dae vanaf die datum van oordrag bereik.

(c) Geen verandering, amendemente of byvoegings mag deur enige eienaar op die vorm aangebring word nie, behalwe vir die invul van ’n oordrag van ’n nuwe eienaar op die aangewese plek daarvoor op hierdie vorm aangebring.

(d) Indien ’n eienaar ’n fout in hierdie vorm ontdek, moet die vorm tesame met ’n skriftelike uiteensetting van die fout, of vereiste byvoeging of amendement, onmiddelik aan die Genootskap teruggestuur word.

(e) Kalwers wat met hulle moeders verkoop word se inligting moet by die moeders aangeheg word.

(f) Alle kalfboekkalwers moet die eienaar se persoonlike kudde brand (KKM) op hê alvorens hulle verkoop word.

(g) Koeie en verse wat by bulle geloop het moet van ’n deksertifikaat voorsien word alvorens hulle verkoop word.

(h) Geen vroulike dier mag oorgedra word indien hulle nie aan die minimum standaarde voldoen nie.

## SKEDULE O

**INOVULERING**

**1. REËLS MET BETREKKING TOT DIE OPVANG VAN EISELLE EN INOVULERING**

1.1 Diere wat wetlik deur inovulering onstaan het (d.i. in ooreenstemming met Wet 25 van 1977) sal vir aantekening of registrasie in aanmerking kom, op voorwaarde dat:

(a) aan die vereistes van die Grondwet MUTATIS MUTANDIS voldoen word;

(b) ouerskap in elke instansie deur DNS bevestig is;

(c) die volgende dokumente binne 90 dae ná inovulering ingedien word:
- i) die betrokke insemineringsertifikaat (indien van toepassing),
- ii) ’n behoorlike voltooide inovuleringsertifikaat,
- iii) die DNS-serifikate en DNS-laboratoriumnommers van die eiselskenker en semenskenker.

(d) die geboortekennisgewing vergesel is van ’n DNS-sertifikaat en ’n DNS-laboratoriumnommer van die betrokke nageslag;

(e) dat beide die semenskenker en die eiselskenker vir sodanige doeleindes deur die Raad goedgekeur is, wie ook die reg sal hê om die aantal diere wat ontstaan het van eiselle van enige eiselskenker te beperk vir aanvaarding vir aantekening of registrasie; en

(f) nageslag wat deur inovulering ontstaan het sal vir aantekening of registrasie aanvaar word, onderworpe daaraan dat die betrokke nageslag geïnspekteer word en voldoen aan die minimum produksievereistes, soos deur die Genootskap bepaal mag word.

1.2 Die Genootskap behou die reg voor om deur middel van sy ampsdraers toesig te hou oor en inspeksie uit te voer aangaande die rekordhouding van die opvang van die eiselle en inovulering.

1.3 Telers wat in sodanige gebiede buite die RSA woon sal die voorreg van aantekening of registrasie geniet in ooreenkoms met die bepaling van Wet 25 van 1977 en mag aansoek doen vir aantekening of registrasie van nageslag wat deur inovulering ontstaan het, op voorwaarde dat die eiselle verkry is van

’n bron wat deur die Genootskap en Stamboek goedgekeur is, en verder op voorwaarde dat die opvang van eiselle, die hantering daarvan, die inovulering van diere en die hou van verslae op so wyse gedoen word as wat Stamboek van tyd tot tyd mag bepaal.

1.4 Indien ’n dier waarvan eiselle opgevang was vir die doel van inovulering verkoop word, moet die verkoper van sodanige dier aan die nuwe eienaar ’n sertifikaat verstrek waarin dit aangedui word dat eiselle van sodanige dier opgevang was voor datum van verkoop en moet hy die Genootskap met soortgelyke sertifikaat voorsien.

1.5 Die Genootskap behou die reg voor om te weier om nageslag wat deur inovulering ontstaan het, te aanvaar vir aantekening of registrasie indien enige van hierdie Verorderings nie ten volle nagekom word nie.

## 2. MINIMUM VEREISTES – EMBRIOSKENKERS

Die Rasgenootskap sal embrio-oorplasings in ooreenstemming met die Veeverbeteringswet van 1977, soos gewysig, bevorder.

### 2.1 AANSOEKPROSEDURE

(a) Doen skriftelik aansoek by die Genootskap en stuur die produksiedata van die voornemende skenkerkoeie.

(b) Die Standaarde van die vader en skenkerkoeie moet aan die minimum rasstandaarde voldoen.

(c) Ontvangerkoeie moet permanent geïdentifiseer wees met ordelike rekords aangeteken van embrio-kalwers. Drakensberger tipe koeie word verkies. Suiwer melkrasse en hulle kruise wat oorwegend melkras is, is onaanvaarbaar.

(d) Alle nageslag moet voldoen aan die minimum Rasstandaarde. Ontvangerkoeie moet verkieslik gedurende die normale kalfseisoen kalf.

## SKEDULE P

## TOELAES

1. Toelaes sal van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word:

   (a) President
   (b) Vise-President
   (c) Raadslede, Dagbestuur en Keurders
      i) Etes
      ii) Reistoelaes en verblyfkoste vir vergaderings.
      iii) Koste aangegaan vir die reël en aanbied van kursusse.

## SKEDULE Q

## HULPSTAMBOEK

1. Hulpstamboek: 13(2) Konstitusie (Algemene Verorderings)

(a) Hulpstamboekregister is vanaf 1 Julie 1981 geopen.

(b) Alle nuwe vroulike diere word as Hulpstamboek A goedgekeur volgens Standaard van Voortreflikheid. Die manlike nageslag van Hulpstamboek A sal as B in die Hulpstamboekregister opgeneem word, indien goedgekeur. Bulle mag ook as Hulpstamboek A goedgekeur word met ’n punt van 80 of hoër en van die verwysings populasie van die Drakensbergers genomiese suiwerheidswaarde van 87.5% of hoër moet toon.

(c) Enige koeie se nageslag uit meerbulparings en waar die vaderskap nie bepaal kan word nie, sal in die Fondasieafdeling opgeneem word totdat die vaderskap met behulp van DNS bepaal is.

(d) Fondasieafdeling bestaan uit:
   i) Diere waarvan die vaderskappe nog nie bepaal is nie.
   ii) Diere wat nie aangeteken is nie en waar die teler die diere in ’n Groeitoets wil laat deelneem, mag by die Raad aansoek doen om hul te laat opneem in die FS afdeling. Ná afhandeling van die Groeitoets moet die diere gekeur word as Hulpstamboek A. Alle diere in die fondasieafdeling moet voor 3-jarige ouderdom gekeur word, anders word hul gekanselleer.